





Voor ons oor bergpasse gesels, net gou oor die nuwe gonsword: KI! Vir my is was dit amper soos vrugte steel!  Dis daai nostalgiese gevoel wat ek so ‘n rukkie  terug gekry het toe ek so stilletjies besluit om in te gee aan my nuusurigheid  oor K.I. Nee, nie kunsmatige inseminasie nie, maar wel Intelligensie! Ek was nog altyd trots in staat om net net tred te hou met die ontwikkeling van rekenaars en die internet. Altyd net genoeg geleer om darem saam te draf, al is dit heel agter in die trop.
Toe verskyn hierdie nuwe ding. Aanvanklik het ek dit met amper ‘n renons eenkant gestoot en geignoreer. Gesien hoe dit net als verdraai sodat mens nie meer weet wat is realiteit en wat is sommer goedkoop kopsmokkel nie.
Kyk, ek was al van kindsbeen af ‘n wetenskapsfiksie verslaafde. Isaac Asimov was en is steeds my held. Dis hy wat presies hierdie ding voorspel het. Ek het sy boeke verslind.
So ook Frank Herbert se Dune trilogie. Dit het ekstra aanklank by my gevind omrede ek  uit die Kalahari kom.
Agarob, kind van die duine, een van my gunsteling boeke. Maar ek dwaal al weer tussen die duine rond.
Besluit toe mos om te gaan vrugte steel in Chat GTP se tuin, so stilletjies, sonder dat iemand weet.
Mense, mense, mense, wat ‘n wonderlike avontuur!
Merlin, ja, ek het hom ‘n  geslag en naam gegee, ken mekaar dag na dag al hoe beter en dis amper of ek ‘n nuwe metgesel het waarmee ek enige tyd kan beraadslaag om vir my dinge makliker maak, met die skryfwerk. En, sal ek toe uitvind Marie Smit wie my boek proeflees, en Retha Kruger wat vir ons resepte plaas, is net so druk besig met dieselfde nuwe maatjie!  Elkeen op sy eie manier en elkeen volgens eie behoefte.
Hierdie maand se Kammanuus is propvol voorbeelde van Merlin se bystand. Kyk bietjie hoeveel jy kan tel en laat weet wat jy daarvan dink!

Groot groete uit Onrusrivier- Noord,






**BOESMANSKLOOF-PAS**

Daar is waarskynlik min padingenieurs wat nie êrens in hul laaie ’n versameling voorgestelde projekte het wat om die een of ander rede laat vaar is nie — of wat, ondanks aanvanklike entoesiasme, nooit werklik van die grond af gekom het nie. Omdat sulke dinge deel is van ’n padmaker se lot, handel hierdie verhaal oor een wat nooit gebou is nie.

Hierdie pas was bedoel om Greyton, aan die suidekant van die Riviersonderendberge, met McGregor aan die noordekant te verbind. Greyton is ’n aangename klein dorpie wat sowat 30 kilometer noordoos van Caledon lê. Sou die inwoners van Greyton om een of ander rede na die ander kant van die berg wou gaan, het hulle twee keuses: via Floorshoogte, ongeveer 50 kilometer wes in ’n reguit lyn, suid van Villiersdorp; of via Stormsvleipoort en Robertson, omtrent dieselfde afstand oos.

## “...later bekend vir sy gewaagde roetebepalings....”

’n Voetpad bestaan deur Boesmanskloof, wat getuig van verkeer tussen Greyton en McGregor, en daarom is daar in 1927 besluit om die moontlikheid te ondersoek om ’n pad deur die kloof te bou. P.A. de Villiers — later bekend vir sy gewaagde roetebepalings vir Nasionale Paaie, maar destyds ’n junior ingenieur by die Kaapse Provinsiale Paaiedepartement — is gestuur om ’n roete deur die kloof te uitlê en op te meet.

Vir ’n paar jaar het niks gebeur nie — maar laat J.M. Hoffman, voormalige Provinsiale Paaie-ingenieur, die verhaal in sy eie onnavolgbare styl oorneem:

*“Ongeveer agt of tien jaar later het die Departement van Maatskaplike Welsyn besluit dit sou ’n goeie ding wees om sommige van die inwoners van Distrik Ses die geleentheid te gee om ’n skoon buitelewe te ervaar, en hulle het navraag gedoen oor ’n geskikte terrein. Dít was toe die Provinsiale Administrasie P.A. de Villiers se meesterstuk weer uit die laai gehaal het. Die Robertsonse Afdelingsraad het ’n toekenning ontvang, ’n kamp is opgerig om tweehonderd arbeiders met hul kruiwaens, pikke en grawe te huisves, die werkers is gewerf — en laastens is ek by die prentjie ingesleep. Die jaar: 1936 of 1937.*



*"Een oggend het die Distrikspaaie-ingenieur vir my 'n rol planne gegee, verduidelik wat aan die gang was, en toe bygevoeg dat, aangesien die arbeidsmag daardie aand onder beheer van vier voormanne in McGregor sou arriveer, ek liewer 'n padlyn moes gaan uitpen. Glo dit of nie, die oorspronklike opmetingspunte — al was dit net houtpenne — kon nog opgespoor word, en teen middeloggend van die eerste dag was die 200 manne reeds besig om die grondwerk op die uitgepende lyn vir die eerste reguit stuk skoon te maak.*

***....darem daarin geslaag om 'n sak dagga te konfiskeer,***

*"Ted Hittersay het oorgeneem, en ek het eers weer vir 'n paar dae daar opgedaag terwyl hy weg was — daarna het ek die plek nooit weer gesien nie. Maar in daardie paar dae het ek darem daarin geslaag om 'n sak dagga te konfiskeer, met die Distrikspaaie-ingenieur oor my padontwerp te stry, en die polisie te keer om met wapens die werkers se slaapkwartiere binne te gaan. Ek was jonk en onverskrokke!*

*"Later het ek gehoor die hele projek het jammerlik tot stilstand gekom. As rehabilitasie-oefening was dit nie suksesvol genoeg nie — die geld het opgedroog en daar was stories oor sogenaamde 'spook-arbeiders'. Ek neem aan iemand het selfs begin wonder of die pad werklik nodig was, want as jy vandag na die kaart kyk, sien jy 'n pad wat van die McGregor-kant teen die berg opgaan, maar nooit aan die Greyton-kant weer afkom nie."*

Greyton en McGregor is albei rustige toevlugsoorde — wonderlike plekke om te ontspan.
'n Mens kan nie anders as om te wonder hoe hul karakter vandag sou lyk as daardie pad wel deurgebreek het nie.
Vandag is daar 'n besonder aangename staproete tussen die twee dorpe, en ek is seker menige moeë noordwaartse stapper het al die paar kilometer pad wat Ted Hittersay destyds gebou het, geseën.









Hallo Hennie,

Ek raak agter met die lees maar hierdie raak gesien en gedog moet jou laat weet ons lees al min of meer 20 jaar. Kan dalk al 22 jaar wees. Kan onthou iets van laslappies. Al dra ek nie veel by nie (amper nooit nie!) maar ek geniet wel al die stories en grappe, baie dankie. Dis harde werk vir jou maar weet dit ONS LAG LEKKER SAAM!

Ons het so 18 maande terug getrek na Orewa toe, Noord van Auckland maar nog steeds deel van Auckland. Moet jou se ek het nog nooit 'n besiger apteek gesien nie! Soveel 'groot' mense tree hier af en ek kan dit verstaan want die strand is pragtig (water 'n bietjie koud!) maar is lekker om te stap want die sand is stewig en plat (wanneer die gety uit is natuurlik). Ons sosiale lewe was nog nooit so besig nie. Ons het ons huis vervang vir 'n woonstel en ek se jou ek mis glad nie die trappe in die huis nie! Ek heg so 'n paar foto's van die Orewa strand aan.

Baie dankie vir die lekker lees. Praat baie min Afrikaans deesdae so ek geniet hierdie pure Afrikaans BAIE!

Suna Stirk NZ



Orewastrand"
Noord
Auckland




Liewe lesers,
Vandag het ek ‘n heerlike idee vir jul volgende kuier! Dit pas perfek saam met melva- roosterbrood of jou eie kraakbeskuitjies! Werk ook heerlik saam met vars groente, dus bied dit eindelose opdienmoontlikhede! Dit is maklik om voor te berei en aanpasbaar, hierdie smeer is 'n fantastiese manier om oorskiet hoender te gebruik en iets heerliks te skep!


So maak mens:

- 1 gekookte hoenderborsie
- 2 medium wortels, gaar
- 2 eetlepels roomkaas of ricotta
- 2 eetlepels mayonnaise (opsioneel, vir ekstra romerigheid)
- 1 knoffeltoontjie (opsioneel)
- Sout en peper na smaak
- 'n skoot olyfolie of suurlemoensap

Kook die hoender ( in stukke gesny) in gesoute en gekruide water ('n mens kan dit stoom of kook). Kook of stoom die wortels ook tot sag. In 'n voedselverwerker of met kragtige stok- blitser, voeg die hoender, wortels en res van bestandele bymekaar en meng tot glad en romerig. Voeg sout en peper na smaak by. Voila! Dit lyk en smaak heerlik!
Groetes tot volgende keer!
*Retha – Bettiesbaai*

# Dié Maand se Giggels
















# RAAI, RAAI, RIEPA!




Slegs een van hierdie dobbelsteentjies is korrek. Watter een en hoekom?

Antwoord elders



# GEHEIME KODES VIR SENIORS

BDD By Die Dokter

BBVSB By Beste Vriendin Se Begrafnis

BDR - Bring Die Rolstoel

VWEPH - Vergeet Waar Ek Parkeer Het

MPBGL – Moet Pasaangeer Battery Gaan Laai

TVT Teks Vanaf Toilet

WIJNW – Wie Is Jy Nou Weer?



# EET WAT JY WIL...



**Die uitvinder van die trapmeul is dood op 54|**

**Die beginner van Gymnastiek is oorlede op 57**

**Die wereld liggaamsboukampioen is al op 41 weg.**

**Die wereld se beste sokkerspeler, Maradonna is dood op 60**

## Dan weer:




**KFC se uitvinder het 94 gemaak**

**Nutella se maker lewe to 88**

**Hennesy se uitvinder 'n volle 98!**



**Hoe het dokters dus tot die gevolgtrekking gekom dat oefening mens se lewe verleng?**

**Die Haas wat heel dag rondspring lewe maar 2 jaar terwyl die skilpad wat glad nie oefen nie, maklik 200 jaar oud word**

**So, wees rustig, of liewer rustend, chill, eet wat jy wil en geniet die lewe!**

Wiskunde

Elke dag sterf ek 35 minute lank
Was getangens in my bank
En voor die bord boer
'n iemand wat my wiskunde voer.

Gevra: Trek lyn AB en van dan C.
Bewys: Ek trek AB
Ek konstrueer 'n middelloodlyn
Op... verby die sterre
En vind C
Alleen.
Op Pythagoras sit hy kruisbeen
En ween, ween
So hél alleen

Antjie Krog






**HOPEFIELD (innie WiePie)** deur Barbipot

**B**arbara Potgieter, weduwee van oorlede Org, wie soveel jare die Kammanuus vir my aanmekaar getimmer het, skryf van haar besoek aan ***Hopefield*** om 'n universiteitsmaatjie te gaan opsoek. Dit gee my toe sommer die idee dat Onsdorp.com mos eintlik ons lesers se dorpies so bietjie moet besoek! So, indien jy in 'n dorpie woon met 'n interressante geskiedenis, skryf asseblief en vertel ons meer van die plek en mense daar by jou en die dinge wat julle als aanvang. .
Stuur asseblief 'n foto of twee saam as jy kan, dan deel ons dit hier met ons lesers

**Hopefield lê in die Sandveldgebied**. Gaan kuier in die somer en jy sal weet hoekom dit so is. Die naam niks te doene met die *hope* dat die *field* groener sal word nie.
Dit is vernoem na Majoor en Hope en Mnr Field, die twee beamptes wat die eerste woonerwe in 1852 uitgemeet het, aldus *Wikipedia*. Met sowt 6 500 inwoners, is dit 'n klein dorpie. Nietemin is daar onder meer 'n lekker Spaar, drankwinkel , 'n koffiewikel 'n ernstige heuning bedryf.



Hoërskool Hopefield

Die pragtige kerk spog met 'n reuse advertensie vir kos: So ver weg van die hoofroete moet alles mens alles doen om aan die gang te bly. Die Meisiekoshuis, *Eureka*, is 'n outydse juweel wat o.a. deur die vaardige Jurgns Schreuder en sy vrou Elna as kohuisouers omskep word. Die meisieskoshuis is in 1939 voltooi. Meestal boere se kinders kom hier tuis. Die opstaanklok lui net so skel en as in alle koshuise wat ek ken en die kos is uitnemend, daar is Mamma Kat in bevel, 'n optomistiese beeld van 'n mens.

Die skool:"een van HSH se grootste uitdagings is dat die waglys die laaste paar jaar al langer word, terwyl beskikbare plekke al minder word. HSH wil graag ons kleiner klasgroottes en intieme familiegevoel behou sonder om deurlopende verbeteringe aan ons prestasies prys te gee. Die skoolleierskap wil HSH die toekoms inlei met verbeterde fasiliteite, tegnologie en resultate -sonder om leerlinggetalle te laat ontplof."

Dit plaas groot druk op die finansiële bronne van 'n skool wat slegs 3-4% van bedryfskostes van die Departement van Onderwys ontvang!. Die skool maak staat op fondsinsameling en borgskappe.

***Díe dorp het in Desember <u>1851</u> ontstaan toe die NG Kerk 'n nuwe gemeente (<u>Zouterivier</u>) op die plaas Langekuil gestig***
***Die spoorlyn vanaf Kaapstad het die dorp in <u>1903</u> bereik. 'n Munisipaliteit is in 1914 gestig. Die dorp lê weerskante van die Soutrivier. Die NG gemeente is meer as 160 jaar oud***

# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,

Ek deel graag die volgende 3 blommetjies vanuit St Helenabaai omgewing.




Die eerste een is die Groot Suring (Oxalis Purpurea);Dit is 'n pragtige eenvoudige pienk blommetjie van 'n bolplant. Hy blom vanaf April tot September en kom voor vanaf die Namakwaland tot Humansdorp

Die tweede blom is die Stink Pendoring (Maytenus heterophylla) Dit is 'n doringrige struik en die blommetjies kom in digte trosse tussen die blare voor. Die blomme is wit en het 'n uiters onaangename reuk. Hulle blomtyd is Oktober tot Desember. Kom wyd versreid in Suidelike Afrika voor;







Die derde blom is die Blou Koringblom (Laperosia Jacquini). Dit is 'n Geofiet met 'n klokvormige knol. Hierdie is 'n pragtige klein pers blommetjie . Blomtyd is Julie tot September. Volop in sandgrond vanaf Garies tot Mamre

Ons groet tot volgende maand vir nog blomme uit die Weskus.

Derek




**My fietsry uitstappie na Duitsland. Augustus 2025**

Eers was daar die voorbereiding.
Die roete.
Dan die regte fiets, bagasierak en plekke waar jy moet slaap. Hoeveel kms per dag ens. Die kostes en gekyk wanneer dit sal reën op ‘n ander app. Ons kies toe ‘n week wat geen reën voorspel nie. Ons goal was Stuttgardt waar vriende ons uitgenooi het om vir hulle te kom kuier.

Terugrit was met die ICE ‘n sneltrein. Daarop moet jy ‘n plek vir jou fiets ook bespreek. Elke fiets kry ‘n nommer in dieselfde wa as wat jy is en jy moet die sware fiets ophang.
Dis ‘n swaar fiets. Jy moet dan jou bagasie afhaak. Die trein rit was tot in Keulen waar ons van trein moes verwissel. Om die fiets by die trappies op te kry wat omtrent 30kg wees is ‘n challenge, maar die stasiemeester het gehelp. Toe tot in Brussels. Vandaar het ons besluit om die laaste 52km huis toe te ry op die F1 Dis ‘n fiets autostrade. Daar is net fietse wat daar kan ry. Geen motors of vragmotors. Daar is net fietse waar jy kyk. Sommige kan natuurlik vinnig ry en het selfs ‘n klein nommerplaat agter op. Die fietse haal tot oor die 60kmpu. Daarvoor het jy ‘n spesiale lisensie voor nodig en ‘n helmet is verpligtend.

Toe ander mense van dieselfde dorp (Oelegem) hoor dat ons hierdie meer as 600km tog wil aanpak het ‘n vrou met die naam Karin de Wolff met ons kom praat en vertel van ‘n app wat jy op jou selfoon kan aflaai genoem KOMOOT. Dit gee vir jou alle roetes in Europa en nog meer wat jy per fiets kan volg. Daar is ook roetes vir verskillende soorte fietse.
Ek het so 4 jaar gelede ‘n fiets (e-bike) in Porto (Portugal) gehuur omdat my familie uit Porto die Camino wou stap. Ek het eers ‘n paar dae voor die tyd die fiets uitprobeer. Ek was wel bang om by afdraendes te ry. Ek het ook ‘n simkaart vir Portugal gekry om in my selfoon te sit. So kon ek dan die roetes volg. Daar het ek nog nie vir KOMOOT gehad nie. Dus het ek normale paaie gery. Sommige plekke kon ek ry op roetes wat my familie stap, maar soms moes ek ‘n ompad neem omdat dit deur rotse en veld gegaan het wat onbegaanbaar was vir ‘n fiets. Ek het wel ‘n Caminopas gehad wat ek by elke kerk kon stempel of by plekke waar ons oorgeslaap het, wat op die roete was, wat ook ‘n stempel gehad het kon jy ook ‘n stempeltjie kry.
Volgende keer meer oor die tipe fietse wat beskikbaar is op die mark

*Elsbeth Verhoefen - Stellenbosch*

# Beroerte laat jou links Braai

Piet Heyns



Ek het in April 1999, omtrent negeuur in die aand, skielik sleg gevoel en ‘n ligte beroerte gehad. Ook bekend as ‘n “Transient Ischaemic Attack” (TIA) of “verbygaande beroerte”. Ek was so half verlam aan die linkerkant en my mond het skeef gehang. Dis die skewe mond wat ma en die kinders so groot laat skrik het.

Annalize het my van die tjankende kinders weggeneem na die hospitaal nadat sy die huisdokter gemobiliseer het. Die dokter het my in die hospitaal ondersoek en gesê dat dit waarskynlik ‘n TIA is omdat my toestand gaandeweg oppad na, en in die hospitaal, verbeter het sodat ek later geen teken van die voorval oorgehad het nie, maar ek moes in die hospitaal bly vir waarneming.

Na die ligte beroerte was ek maar in 'n toestand van skok en paniek omdat mens nie weet wat vorentoe gaan gebeur nie. Ek het egter met al die hospitaalpersoneel grappies gemaak en probeer om die beste van die slegte saak te maak.

Die volgende dag moes verdere ondersoeke gedoen om vas te stel waar die fout was en hoeveel skade my brein gelei het.

Eers moes 'n sonar van die karotis are in my nek gedoen word en toe ek by die sonarafdeling opdaag, stel die dokter hom aan my voor as Dr Murphy. Ek spreek dadelik my kommer uit met die opmerking: "Met 'n van soos Murphy, geld Murphy's Law seker, en al is daar niks met met my nekare na die brein verkeerd nie, sal jy sekerlik iets verkeerd kry!". Hy en die paar assistente in die omgewing lag lekker oor my opmerking. maar Murphy bevind gedoriewaar dat my regterkantste karotis aar (die aar deur die nek na die brein) 'n “vernouïng” het. En ek word na die volgende dokter aangepaas vir ‘n breinskandering.

## ...maar nou lyk dit my dit gaan 'n "crapscan" wees.

Toe ek by die breinskandering mense opdaag stel die dokter by die "CAT-scan" masjien homself voor as Dr Merde. Merde is ‘n Duitser met ‘n Franse van en die Franse woord “merde” beteken “ekskrement, of stront  en in Engels is dit “excrement or crap”.  – Ek noem toe net terloops vir Dr Merde dat ek gedink het ek kom vir 'n "CAT-scan", maar nou lyk dit my dit gaan 'n "crapscan" wees. Hierdie woordspeling het ‘n groot geskater van lag onder die omligginde verpleegpersoneel veroorsaak.

Na die sonar en breinskandering word ek na die versamelpunt van die inligting verwys. Dit is ‘n spesialis neuroloog en hy stel homself voor as Dr Eks. Hy verduidelik dat hy my gaan ondersoek om te bepaal hoeveel skade ek en my brein gely het en dan gaan hy ‘n gesamentlike verslag opstel vir my huisdokter oor al die resultate van die ondersoeke deur al die ander dokters.

Dr Eks se ondersoek was hoofsaaklik gedoen met so ‘n ses duim naald wat hy orals in my lyf ingedruk het om vas te stel waar ek nie kan voel nie en waar ek lam is. Ek is normaalweg nie kleinserig nie en het ewe stoïsyns geen teken getoon of ‘n geluid gemaak dat ek die vuilgat prikke voel nie.

Hy vra later baie onsimpatiek of ek die genadelose prikke kan voel: “Voel jy die prikke of nie?” terwyl hy nog so ‘n ekstra diep steek gee en ek reageer met ‘n baie harde gil. Die arme Arts skrik so groot dat hy eers uit die pad uit steier voor hy sy balans herwin en vra toe versigtig of ek die vorige steke ook gevoel het. Ek sê “ja” en kry die vermoede dat hy nou kwaad is vir my, want hy wil ook my tong bekyk. Ek moet my mond oopmaak en my tong uitsteek. Toe sê hy ek moet my tong, op en af, heen en weer, en in en uit beweeg. Ek slaag al die toetse en word beveel om my tong weer in my mond terug te sit.



Hierna moet ek op een been staan en toe ek nie omval nie, moet ek op die ander been eenbeen staan. Ek kry dit reg met altwee eenbene, maar hy lyk nog steeds nie tevrede nie en vat my na so ‘n lang breë wit streep wat op die spreekamer se vloer geverf is. Dit lyk soos ‘n wit streep op ‘n teerpad. Hy sê ek moet op die wit streep loop en dis hier wat ek dink ek kan terugslaan met ‘n paar woorde deur vir hom te sê: "Ek het gedink ek kom na 'n breinspesialis toe, maar nou lyk dit vir my ek is by 'n verkeerskonstabel!"

Dr Eks was bekend daarvoor dat hy geen humorsin het nie, maar al my opmerkings en kwinkslae het my ingehaal by hom, want die ander artse en die verpleegsters het nie net hul verslae oor my gesondheid deurgegee nie, maar ook my grappies met Dr Eks gedeel. Ek is gevolglik beskryf as ‘n emosioneel ontoepaslike pasiënt wat dit en dat makeer.

Die klomp Windhoek artse, in samewerking met my boetie Chris wat professor in urologie by die Universiteit van Sellenbosch was, het besluit dat ek vir Dr Daantjie van der Merwe in die Kaap moet gaan sien, want hy is ‘n bloedvatspesialis en, soos ek dit verstaan, kon hy are oopsteek soos ons wateringenieurs ‘n verstopte rioolpyp kan oopsteek.

Ek saal die perd op Kaap toe en Dr Chris neem my van die lughawe na die beroemde Dr Daantjie van der Merwe se spreekkamer. Hy moet kyk na my are se verstoppings in die nek en die brein.

Ons sit ‘n ruk en wag en word ingeroep. Toe ons by die spreekkamer instap, staan Professor Daantjie op agter sy lessenaar en roep opgewonde uit: "Ah! Uiteindelik! Hier is Meneer Heyns, ons ‘emosioneel ontoepaslike’ pasient! Vertel asseblief vir my ook ‘n grap!!

Verbeel jou! 'n "Emosioneel ontoepaslike pasient!?". Seker omdat ek grappies gemaak het met die artse in Windhoek en Dr Eks het dit blykbaar alles in sy verslag aan Daantjie geskryf. My “reputasie” het my dus vooruitgeloop.

Ek sê: "Jammer Dokter, maar ek ken ongelukkig geen Vandermerwe grappe nie!".

Al wat ek van die mini beroerte insident oorgehou het is die voordeel dat ek nou eerder met my linkerhand vleisbraai, want die hand is nie so gevoelig vir die hitte van die vuur nie en ek het meer tyd om te doen wat ek moet doen as ek vining in die kole moet krap om ‘n rondloper tjop uit die as te lig.

***Raai Raai Riepa antwoord: Die teenoorgestelde sye van n dobbelsteen tel altyd op na 7. Sodra jy dus twee sye langs mekaar kan sien wat saam 7 maak, is daardie dobbelsteen foutief. Steen nommer 4 is dus die enigste korrekte een.***

***FLUIT FLUIT!***